


Hy kan verneder

die
wat in hulle trotsheid wandel!
(Daniël 4)



Ria Stander

Alle Skrifaaahalings is geneem uit die
Afrikaanse Ou vertaling van die Bybel
(1953)
Geproeflees deur Dr. Hans Koen

Gedruk en uitgegee deur:

Exodus Drukkery
Posbus 276
Joubertina
6410
Sel: 071 657 2211 / 063 151 6844
exodusuitgewers@gmail.com

INLEIDING

"Dit behaag my om die tekens en wonders wat die allerhoogste God aan my gedoen het, te verkondig. Hoe groot is sy tekens, en hoe magtig sy wonders! Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk, en sy heerskappy is van geslag tot geslag!" Daniël 4:2, 3.

Kan dit wees? 'n Heidense koning wat homself heeltemal aan God oorgee en nie homself verhoog nie, maar die eer en heerlikheid aan die Skepper van hemel en aarde gee, en erken dat Sy heerskappy vir ewig is! Is dit nie wonderlik dat iemand so kan verander nie?

'n Ruk tevore het hy nog gesê: "Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie?" Daniël 4:30.

Wat het dan gebeur dat die koning se sienswyse so verander het? Is dit moontlik dat 'n trotse, eiegeregtige, heidense koning wat homself verheerlik, kan verander na een wat niks van homself dink nie maar alle eer aan die Skepper van hemel en aarde gee?

Nebukadnesar het nie ag geslaan op God se waarskuwing nie en moes die gevolge dra. God stuur ook aan ons hier aan die einde van die wêreld se geskiedenis 'n waarskuwingsboodskap. Kyk of jy hierdie boodskap in die boekie kan vind terwyl jy die verhaal lees. Bid dan dat God jou sal help om daarna te luister.

Kom ons gaan stel ondersoek in om te sien wat plaasgevind het daar in die goue koninkryk, Babilon, heerser oor al die nasies van daardie tyd.

Nebukadnesar vertel self

Nebukadnesar, koning van Babel, vertel self die verhaal, 'n wonderlike getuienis!

"Ek, Nebukadnésar, het rustig in my huis gelewe en was voorspoedig in my paleis. Ek het 'n droomgesig gesien wat my verskrik het—droombeelde op my bed en die gesigte van my hoof het my verontrus" Daniël 4:4, 5.

Nebukadnesar het Assirië, Phoenicië, Judea, Egipte en Arabië aan hom onderwerp. Hy was suksesvol in al sy militêre operasies. Hierdie groot oorwinnings het sy selfvertroue en ydelheid 'n hupstoot gegee en hy het veilig en gerus gevoel en vir niks gevrees nie.

Vergeet was die vorige droom van die beeld waar hy gesien het dat Babel nie vir ewig sou bly staan nie en waar hy homself op die plein van Dura, waar hy 'n beeld opgerig het, voor die skare verootmoedig het en erken het dat God se koninkryk vir ewig en Sy heerskappy van geslag tot geslag is.

Hy is versoek om weg te draai van die pad van nederigheid wat alleen na ware grootheid lei. Tydens die rusperiodes tussen sy oorloë van oorwinnings het hy baie gedink hoe hy Babilon kon versterk en verfraai, totdat Babilon die hoofheerlikheid van sy koninkryk geword het, die "goue stad," die lof van die hele aarde.

Maar nou het 'n droom hom weer groot laat skrik! Wat kon hierdie krygsman wat onbeweeglik kon staan tydens slagting en bloedvergieting, laat skrik?

Die sukses wat hy gehad het om Babilon een van die wonders van die wêreld te maak het bygedra tot sy trots totdat hy in gevaar verkeer het om sy rekord as 'n wyse regeerder, wat God as instrument om Sy Goddelike doel uit te voer kon gebruik het, te belemmer. In Sy genade het God aan hom nog 'n droom gegee om hom te waarsku van die gevaar. God het die koning se eie gedagtes en drome gebruik om hom 'n les in nederigheid en afhanklikheid te leer!

"Daarop is deur my bevel gegee om al die wyse manne van Babel voor my te bring, dat hulle my die uitlegging van die droom bekend kan maak. Toe het die geleerdes, die besweerders, die Chaldeërs en die waarsêers gekom, en ek het hulle die droom vertel, maar hulle het sy uitlegging my nie bekend gemaak nie; totdat eindelijk Daniël voor my ingekom het, wie se naam Béltsasar is, na die naam van my god, en in wie die gees van die heilige gode is; en ek het hom die droom vertel" Daniël 4:6-8.

Die koning het dadelik die wyse manne van Babel – die geleerdes, besweerders, Chaldeërs en waarsêers na die paleis ontbied om aan hom die droom se uitlegging bekend te maak. Die vorige droom van die koning, wat hy nie kon onthou nie, kon die wyse manne nie verklaar nie omdat, soos hulle gesê het, die koning nie die droom aan hulle kon vertel nie. Maar hierdie keer het die koning die droom aan hulle vertel en wat het toe gebeur? Hulle kon nog steeds nie vir die koning vertel wat dit beteken nie!

Alhoewel die droom baie duidelik was kon die wyse manne dit nie verklaar nie. Weereens was dit 'n getuienis

vir hierdie afgodiese nasie dat net diegene wat God vrees en liefhet die geheime van die koninkryk van die hemel kan verstaan.

Daarom het die koning weereens Daniël se hulp ingeroep. Daniël was 'n profeet van God en een van die Hebreuse bannelinge. Deur sy getrouheid aan God was Daniël een van die koning se vernaamste raadgewers! Koning Nebukadnesar het geweet dat hy op Daniël kon vertrou en dat hy sy droom sou kon verklaar.

Die koning het sy droom aan Daniël vertel:

"Béltsasar, owerste van die geleerdes, van wie ek weet dat die gees van die heilige gode in jou is en dat geen enkele geheim jou kwel nie, vertel my die droomgesigte wat ek gesien het, naamlik die uitlegging daarvan. Wat nou die gesigte van my hoof op my bed betref—ek het gesien, en kyk, daar was 'n boom in die middel van die aarde, en sy hoogte was groot. Die boom het groot geword en sterk, en sy hoogte het tot aan die hemel gereik, sodat hy tot aan die einde van die hele aarde sigbaar was. Sy blare was mooi en sy vrugte baie, en aan hom was vir alles voedsel; onder hom het die diere van die veld skaduwee gesoek, en in sy takke het die voëls van die hemel gewoon, ja, alle vlees is daardeur gevoed. Ek het in die gesigte van my hoof op my bed gesien, en kyk, 'n bode, naamlik 'n heilige, het uit die hemel neergedaal; hy het hardop geroep en só gesê: Kap die boom om en kap sy takke af, trek sy blare af en verstrooi sy vrugte; laat die diere onder hom uit wegvlug en die voëls uit sy takke. Maar laat sy penwortel in die aarde staan, en dit met 'n band van yster en koper in

die groen gras van die veld; en laat hy deur die dou van die hemel natgemaak word en saam met die diere deel hê aan die plante van die aarde. Laat sy hart anders word as dié van 'n mens en 'n dierehart aan hom gegee word, en laat sewe tydperke oor hom heengaan. Op 'n besluit van die bodes berus die bevel, en 'n woord van die heiliges is die saak, met die bedoeling dat die lewendes kan erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil, en die nederige onder die mense daaroor aanstel. Dit is die droomgesig wat ek, koning Nebukadnésar, gehad het; en jy, Béltsasar, sê my die uitlegging, omdat al die wyse manne van my koninkryk my die uitlegging nie kon bekend maak nie; maar jy is daartoe in staat, want die gees van die heilige gode is in jou" Daniël 4:9-18.

Daniël was verstom oor die droom. Hy het dadelik geweet wat dit beteken, maar was te verbaas om te praat en het nie geweet op watter manier om dit aan die koning oor te dra nie. Die koning was nog altyd net goed vir Daniël en dit was moeilik vir Daniël om die boodskapper van dreigende oordeel teen die koning te wees. Maar hy moes die waarheid aan die koning vertel wat ookal die gevolge vir homself sou wees.

Die koning het aan Daniël gesê dat die droom en sy uitlegging hom nie moet verskrik nie waarop Daniël geantwoord het dat die droom eerder die koning se vyande mag oorkom. Maar Daniël het voortgegaan en die droom aan Nebukadnesar verduidelik:

"Toe het Daniël, wie se naam Béltsasar was, 'n oomblik verstom gestaan en sy gedagtes het hom verskrik. Die

koning het daarop gesprek en gesê: Béltsasar, laat die droom en die uitlegging jou nie verskrik nie. Béltsasar het geantwoord en gesê: My heer, mag die droom u haters en sy uitlegging u teëstanders oorkom. Die boom wat u gesien het—wat groot en sterk geword het, en waarvan die hoogte tot aan die hemel gereik het en wat vir die hele aarde sigbaar was, en waarvan die blare mooi en die vrugte baie gewees het, en waar voedsel vir alles aan was, waaronder die diere van die veld gehou en in die takke waarvan die voëls van die hemel gewoon het— dit is u, o koning, wat groot en sterk geword het, wie se grootheid toegeneem het en reik tot aan die hemel en u heerskappy tot aan die einde van die aarde. En dat die koning 'n bode, naamlik 'n heilige, uit die hemel sien neerdaal het met die woorde: Kap die boom om en verwoes hom, maar laat sy penwortel in die aarde staan, en dit met 'n band van yster en koper in die groen gras van die veld, en laat hy deur die dou van die hemel natgemaak word en sy lot saam met die diere van die veld wees totdat sewe tydperke oor hom heengegaan het— dit is die uitlegging, o koning, en dit is die besluit van die Allerhoogste wat oor my heer die koning kom: Hulle sal u uit die mensdom verstoot, en u woning sal saam met die diere van die veld wees, en hulle sal u soos die beeste plante laat eet; en u sal deur die dou van die hemel natgemaak word, en sewe tydperke sal oor u heengaan totdat u erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil. En dat hulle bevel gegee het om die penwortel van die boom te laat staan—u koningskap sal vir u bestendig wees vandat u erken het dat die hemel heers" Daniël 4:19-26.

Die dreigende oordeel was voorwaardelik daarom het Daniël by die koning gepleit om te breek met sy sondes deur geregtigheid te doen en met sy ongeregtigheid deur genade te bewys aan die ellendiges.

Is ons hemelse Vader nie 'n wonderlike, liefdevolle God nie? Hy waarsku Nebukadnesar voor die tyd oor die oordele wat hom gaan tref en gee hom 'n kans om tot inkeer te kom. Soos wat die koning van Nineve geluister het na Jona se prediking en tot inkeer gekom het sodat die oordele die stad nie getref het nie, so kon Nebukadnesar dit ook vermy het deur tot inkeer te kom en vergifnis vir sy sondes te vra.

Maar soos die Woord van God sê: "omdat die oordeel oor 'n verkeerde daad nie gou voltrek word nie, daarom is die hart van die mensekinders in hulle vol om kwaad te doen" Prediker 8:11. Mense vergeet God se waarskuwings soos wat die dae aanloop in weke en maande en jare. Maar al vergeet die mens, God vergeet nie en God verander nie. Hy is altyd dieselfde.

Die raad en waarskuwings wat Hy in vroeër jare aan ons gegee het bly nog steeds dieselfde. Dit is nie minder ernstig omdat ons met die tyd verander nie. As die mens meer ernstig raak om God te soek en Sy Woord te lees en te bestudeer sal God se Woord weer soos 'n vuur in hulle binneste brand en sal hulle die erns van die tyd waarin hulle woon beseef.

Net soos wat Nebukadnesar 'n oordeelsboodskap ontvang het en daardie twaalf maande, wat genadiglik aan hom geskenk was om homself te verootmoedig en belydenis van sy sonde te doen, in die oordeelsuur geleef



Koning Nebukadnesar
het weer 'n droom
gehad.

Daniël het die droom
vir die koning uitgelê.



Babilon was
Nebukadnesar se
trots.



"jou woning sal saam
met die diere van die
veld wees"

Nou prys ek,
Nebukadnésar, en ek
roem en eer die
Koning van die hemel:
al sy werke is
waarheid en sy paaie
is reg, en Hy kan
verneder die wat in
hulle trotsheid
wandel.



het, net so leef ons ook vandag in die oordeelsuur van hierdie wêreld se geskiedenis en sal dit ons baat om “met vas en in roukleed en as” ons aan gebed en smeking te wy (Dan. 9:5), onself te verootmoedig en belydenis van ons sondes te doen. Nie meer lank nie en God sal opstaan om Sy werk te verrig en “vreemd is Sy werk” om die oordeel oor die aarde uit te voer, ‘n “oordeel wat vas besluit is” want “die aarde is ontheilig onder sy bewoners, want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek” Jesaja 24:5.

Die indruk van die waarskuwing en die raad van die profeet het vir ’n tyd lank swaar op Nebukadnesar gerus, maar die hart wat nie deur die genade van God verander is nie, verloor gou die indrukke van die Heilige Gees. Selfbevrediging en ambisie het nog nie uit die koning se hart gewyk nie en later het hierdie eienskappe weer verskyn. Hy het weer toegelaat dat ’n gees van jaloersheid teen die koninkryke wat sou volg, van hom besit neem.

Vir maande het God se oordele getalm. Maar in plaas daarvan dat die koning tot bekering gelei was deur hierdie lankmoedigheid, het hy toegegee aan sy trots totdat hy alle vertroue verloor het in die uitlegging van die droom en gespot het met sy vorige vrese.

Eendag terwyl Nebukadnesar in sy paleis bo-oor die stad uitkyk, het hy gedink hoe pragtig die stad is! Die buitemure was ’n geel steenkleur. Die hoofhekke was verglans in blou. Rooskleurige teëls het sy paleise verfraai en ’n menigte tempels het in wit geglinster. En bokant alles het die groot kleurryke tempel van Marduk, honderd meter hoog uitgetroon. Hy het met trots gedink aan mag as ’n regeerder en sy sukses as ’n bouer. “Wat ’n manjifieke stad

is dit nie, en om te dink dat ek daarvoor verantwoordelik is!”

“Aan die einde van twaalf maande terwyl hy op die koninklike paleis van Babel rondwandel, het die koning aangehef en gesê: Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie?” Daniël 4:29, 30.

Terwyl Nebukadnesar nog besig was om die woorde uit te spreek om homself te verheerlik het daar 'n stem uit die hemel gekom wat God se bepaalde tyd van oordeel aangekondig het.

“Terwyl die woord nog in die mond van die koning was, val daar 'n stem uit die hemel: Koning Nebukadnésar, jou word aangesê—die koningskap word jou ontnem; en hulle sal jou uit die mensdom verstoot, en jou woning sal saam met die diere van die veld wees; hulle sal jou plante laat eet soos die beeste, en sewe tydperke sal oor jou heengaan, totdat jy erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil” Daniël 4:31, 32.

Koning Nebukadnesar sou vir sewe jaar soos 'n dier in die veld lewe, hy sou plante eet soos die beeste totdat hy die Allerhoogste se almag sou erken.



So stuur God ook 'n waarskuwing aan ons wat sê dat die uur van God se oordeel aangebreek het:

"En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het. En 'n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery. En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam" Openbaring 14:6-10.

Die mensdom word teruggeroep om die Skepper van hemel en aarde te aanbid voordat die einde van die genadetyd sal aanbreek wanneer God sal sê: "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees" Openbaring 22:11, 12.

Wanneer God gaan opstaan omdat die wêreld die perke van Sy genade oorskry het en God Sy Gees van

beskerming van hierdie wêreld sal onttrek, sal daar nie meer 'n geleentheid wees om tot inkeer te kom nie, dan is dit te laat om die waarskuwings aan te neem. Daarom die dringende uitnodiging: "Vandag as julle Sy stem hoor, verhard julle harte nie." Mag ons daardie tyd nie besig wees met selfverheerliking nie maar om God te verheerlik!

In 'n oomblik is die verstand wat God aan Nebukadnesar gegee het, die oordeelsvermoë wat die koning gedink het, perfek was, die wysheid waarop hy geroem het, weggeneem. Die eens magtige heerser was 'n maniak. Sy hand kon nie langer die septer swaai nie. Die waarskuwingsboodskappe was veronagsaam.

"Dieselfde oomblik het die woord in vervulling gegaan oor Nebukadnésar—hy is uit die mensdom verstoot en het plante geëet soos die beeste, en deur die dou van die hemel is sy liggaam natgemaak, totdat sy hare lank geword het soos die vere van arende, en sy naels soos dié van voëls" Daniël 4:33.

Dit wat die Here gesê het, het gebeur. So het God ook Sy engel gestuur om aan Johannes, Sy dienskneg wat Openbaring geskryf het, te toon wat gou moet gebeur. Dit is ons keuse of ons wil ag slaan en luister na God se waarskuwings en of ons eerder verkies om ons ore toe te druk en nie te luister nie.

Maar die wonderlike ding is wanneer God ons waarsku gee Hy ook vir ons die uitkoms. Wanneer ons ag gee en Sy raad aanneem dan sal "ons veilig woon en gerus wees teen die skrik vir die onheil" Spr. 1:33.

God se goedertierenheid is so groot en wil ons tot bekering lei (Rom 2:4), en Hy wil nie hê dat een van Sy kinders verlore moet gaan nie, daarom dring Hy by ons aan

“waarom tog wil julle sterwe o, Israel, kies dan die lewe dat julle kan lewe!” Die Bybel sê ook vir ons dat God geen behae het in die dood van die goddelose nie.

“En ná verloop van tyd het ek, Nebukadnésar, my oë na die hemel opgeslaan, en my verstand het in my teruggekeer, en ek het die Allerhoogste geloof en Hom wat ewig lewe, geprys en geëer, wie se heerskappy 'n ewige mag en wie se koningskap van geslag tot geslag is. En al die aardbewoners word as niks geag nie, en na sy wil handel Hy met die leër van die hemel en die bewoners van die aarde, en daar is niemand wat sy hand kan afslaan en vir Hom kan sê: Wat doen U nie? In dié tyd het my verstand in my teruggekeer; en wat die eer van my koningskap betref—my majesteit en my glans het in my teruggekeer, en my raadsmanne en my maghebbers het my opgesoek; en ek is in my koningskap herstel, en buitengewone grootheid is my toegevoeg. Nou prys ek, Nebukadnésar, en ek roem en eer die Koning van die hemel: al sy werke is waarheid en sy paaie is reg, en Hy kan verneder die wat in hulle trotsheid wandel” Daniël 4:34-37.

Wonderlik! Maar waarom moet ons eers deur die moeilikhede gaan om te sien dat “al Sy werke waarheid is en Sy paaie reg?” Die laaste gedeelte van vers 37 is seker die antwoord, “en Hy kan verneder die wat in hulle trotsheid wandel.”

“Elke knie sal voor Hom buig en elke tong sal bely dat Hy God is.” Net soos Lucifer se trotsheid sy val veroorsaak het,

so is trotsheid die probleem van vele mense. Die Bybel herinner ons dat:

"Trotsheid kom voor die verbreking, en hoogmoed kom voor die val" Spr. 16:18, en sê vir ons: "hoogmoed en trotsheid en 'n slegte wandel en 'n huigelagtige mond haat Ek" Spr. 8:13.

Matthew Henry (Bybelkommentator) sê tereg: "Diegene wat God nie seën en loof nie, van hulle kan tereg gereken word dat hulle sonder begrip is; mens gebruik ook nie hul verstand reg voordat hulle godsdienstig word nie, en lewe ook nie as mense totdat hulle tot eer van God leef nie." ^{Com.} vol 2, p.965

Vir sewe jaar was Nebukadnesar voor die hele wêreld verneder. Toe het sy verstand na hom teruggekeer. Die eens trotse monarg het 'n nederige kind van God geword; die tiranieke, oorheersende regeerder, 'n wyse en medelydende koning. Onder die teregwysing van Hom wat die Koning van die konings en Heer van die here is, het Nebukadnesar ten einde laaste die les geleer wat alle regeerders moet leer – dat **ware grootheid bestaan in ware goedheid.**

In nederigheid het hy sy skuld erken en God se genade in sy herstelling aan almal bekend gemaak:

"Dit behaag my om die tekens en wonders wat die allerhoogste God aan my gedoen het, te verkondig. Hoe groot is sy tekens, en hoe magtig sy wonders! Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk, en sy heerskappy is van geslag tot geslag!" Daniël 4:2, 3.

Hierdie openbare bevel waarin Nebukadnesar die genade en goedheid en outoriteit van God erken was die laaste daad van sy lewe wat in die heilige geskiedenis opgeteken is!

Bibliografie

Prophets and Kings, E. G. White

Daniel and the Revelation, U. Smith

Lees ook die ander boekies in die reeks:

Tien keer Slimmer! (Daniël 1)

Openbaarder van Geheimenisse! (Daniël 2)

Wie is die God wat julle uit my hand kan verlos?
(Daniël 3)

Bewe en sidder voor die God van Daniël! (Daniël 6)

Die Bybel is waar! (Daniël 7)

Jesus ons Hoëpriester! (Daniël 8)

Jesus is die Messias! (Daniël 9)

Exodus drukkerij

Posbus 276

Joubertina

6410

Sel: 071 657 2211 / 063 151 6844



Vir sewe jaar was Nebukadnesar
voor die hele wêreld verneder.
Toe het sy verstand na hom teruggekeer.
Die eens trotse monarg het 'n nederige
kind van God geword;
die tiranieke, oorheersende regeerder,
'n wyse en medelydende koning.

Onder die teregwysing van Hom wat
die Koning van die konings
en Heer van die here is,
het Nebukadnesar ten einde laaste
die les geleer wat alle regeerders moet leer - dat
ware grootheid
bestaan in ware goedheid.